# OFFICIAL GAZETTE

## EXTRAORDINARY

### of South West Africa.

Published by Authority.

## BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

### van Suidwes-Afrika.

Uitgegee op gesag.

1/- Tuesday, 22nd April, 1941. WINDHOEK Dinsdag, 22 April 1941. No. 898

The following Government Notice is published for general information.

D. D. FORSYTH,
*Secretary for South West Africa*,

Office of the Administrator,
Windhoek.

No. 72.] [22nd April, 1941.

ORDINANCES, 1941: PROMULGATION OF.

His Honour the Administrator has been pleased to assent in terms of section *thirty-two* of the South West Africa Constitution Act, 1925 (Act No. 42 of 1925), to the following Ordinances which are hereby published for general information in terms of section *thirty-four* of the said Act:—


| *No.* | *Title.* | *Page.* |
|---|---|---|
| 6. | Licenses Consolidation Amendment Ordinance, 1941 | 3291 |
| 7. | Licenses Consolidation Further Amendment Ordinance, 1941 . . . . . . . . | 3291 |
| 8. | Canned Crayfish Tax Amendment Ordinance, 1941 | 3291 |
| 9. | Stamp Duties and Fees Amendment Ordinance, 1941 | 3292 |
| 10. | Insurance Amendment Ordinance, 1941 . . . | 3293 |
| 11. | Cigarettes and Cigarette Tobacco Sales Tax (War Measure) Amendment Ordinance, 1941 . . | 3293 |
| 12. | Municipal Amendment (War Measure) Ordinance, 1941 . . . . . . . . . | 3294 |
| 13. | Game Preservation Ordinance Amendment Ordinance, 1941 . . . . . . . . | 3294 |
| 14. | Cattle Improvement Consolidation Ordinance, 1941 | 3295 |
| 15. | Liquor Licensing Amendment Ordinance, 1941 . | 3300 |


Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

D. D. FORSYTH,
*Sekretaris vir Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek,

No. 72.] [22 April 1941.

ORDONNANSIES 1941: UITVAARDIGING VAN.

Dit het Sy Edele die Administrateur behaag om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel *twee-en-dertig* van "De Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet 1925" (Wet No. 42 van 1925) aan die volgende Ordonnansies, wat hiermee vir algemene inligting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel *vier-en-dertig* van gemelde Wet:—


| *No.* | *Titel.* | *Bladsy.* |
|---|---|---|
| 6. | Konsolidasie Wysigingsordonnansie betreffende Lisensies, 1941 . . . . . . . | 3291 |
| 7. | Verdere Konsolidasie-Wysigingsordonnansie betreffende Lisensies 1941 . . . . . | 3291 |
| 8. | Belastings-Wysigingsordonnansie op Ingelegde Kreef, 1941 . . . . . . . . | 3291 |
| 9. | Seëlregte en Fooie Wysigingsordonnansie 1941 . | 3292 |
| 10. | Versekerings-Wysigingsordonnansie 1941 . . . | 3293 |
| 11. | Sigarette en Sigarettabak Verkoopsbelasting (Oorlogsmaatreël) Wysigingsordonnansie 1941 . | 3293 |
| 12. | Munisipale (Oorlogsmaatreël) Wysigingsordonnansie 1941 . . . . . . . . . . | 3294 |
| 13. | Wildbeskerming-Ordonnansie Wysigingsordonnansie 1941 . . . . . . . . . | 3294 |
| 14. | Beesteverbeterings-Konsolidasie-ordonnansie 1941 . | 3295 |
| 15. | Dranklisensie Wysigingsordonnansie 1941 . . . . | 3300 |

No. 14 of 1941.]

# ORDINANCE

To amend and consolidate the law relating to the improvement of cattle.

*(Assented to 21st April, 1941.)*
*(Afrikaans text signed by the Administrator.)*

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. The Administrator may, by proclamation in the *Gazette*, declare any district or defined area a cattle improvement area within the meaning and for the purposes of this Ordinance, if the magistrate of that district or of the district in which that area is situate has transmitted to the Secretary for South West Africa a resolution recommending that such district or area be proclaimed a cattle improvement area, and a certificate that the provisions of section *two* have been complied with and that the resolution has been duly adopted in manner provided by that section.

2. (1) The magistrate of a district shall, upon a written request signed by not less than twelve European persons who own or lease land situate in that district or in an area within that district, each of whom owns not less than fifty head of breeding stock running on that land, convene a meeting for the purpose of considering a resolution in terms of the last preceding section.

(2) Two months' notice of the meeting shall be given by advertisement in one or more newspapers circulating in the district or area.

(3) The magistrate of the district or of the district within which the area is situate, as the case may be, shall preside at the meeting, and no resolution shall be passed at the meeting except if two-thirds of the votes brought out at the meeting are in favour of the resolution.

(4) Every person who owns or leases land situate in that district or area, as the case may be, and owns not less than fifty head of breeding stock running on that land, shall have the right to vote at the meeting, and no other person shall have that right.

(5) Any person having a right to vote at the meeting may exercise that right in person.

(6) Not more than one vote shall be recorded by or on behalf of any person.

3. (1) In respect of each proclaimed cattle improvement area the Administrator shall appoint a Bull Inspection Board, hereinafter called the Board, to inspect and approve of bulls used or to be used in such area for the breeding of cattle and to perform such other duties as are imposed by this Ordinance.

(2) The Board shall consist of an officer, as hereinafter defined, and two other persons or their respective alternates duly appointed in terms of sub-section (1) hereof. Provided that notwithstanding anything contained in this Ordinance the Administrator may appoint such officer to be the sole member of the Board for such area, which officer shall thereupon exercise all the several powers and duties of such Board.

(3) The Administrator may appoint more than one Board for any cattle improvement area.

(4) In appointing the members of the Board the Administrator shall have due regard in the case of the first appointment after the issue of any such proclamation, to any recommendation made by the persons voting at the meeting referred to in section *two* and, in the case of subsequent appointments, to the recommendation made by the magistrate of the district after consultation with such persons and bodies as he considers representative of the cattle farmers of the district or area.

No. 14 van 1941.]

# ORDONNANSIE

Om die wet met betrekking tot die verbetering van beeste te wysig en te konsolideer.

*(Goedgekeur 21 April 1941.)*
*(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)*

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadering vir die Gebied Suidwes-Afrika as volg:—

1. Die Administrateur kan, by proklamasie in die *Offisiële Koerant*, enige distrik of bepaalde gebied as 'n beesteverbeteringsgebied in die betekenis en vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie verklaar, as die magistraat van daardie distrik of van die distrik waarin daardie gebied geleë is, aan die Sekretaris vir Suidwes-Afrika 'n resolusie oorgestuur het, waarin aanbeveel word dat sodanige distrik of gebied tot 'n beesteverbeteringsgebied geproklameer word, en 'n sertifikaat dat die bepalings van artikel *twee* nagekom is en dat die resolusie behoorlik, op 'n wyse bepaal in daardie artikel, aangeneem is.

2. (1) Die magistraat van 'n distrik moet op skriftelike versoek, geteken deur nie minder as twaalf blanke persone nie, wat grond in daardie distrik of in 'n gebied binne daardie distrik geleë besit of huur, elkeen waarvan nie minder as vyftig stuk aanteelvee, wat op daardie grond loop, besit nie, 'n vergadering byeenroep, ten einde 'n resolusie ooreenkomstig die laasvoorafgaande artikel te oorweeg.

(2) 'n Kennisgewing van twee maande aangaande die vergadering moet deur middel van 'n advertensie in een of meer koerante, wat in die distrik of gebied sirkuleer, gegee word.

(3) Die magistraat van die distrik of van die distrik waarin die gebied geleë is, soos die geval mag wees, moet by die vergadering presideer, en geen resolusie mag op die vergadering aangeneem word, tensy twee-derdes van die stemme, op die vergadering uitgebring ten gunste van die resolusie is nie.

(4) Elke persoon wat grond in daardie distrik of gebied geleë besit of huur, soos die geval mag wees, en nie minder as vyftig stuk aanteelvee, wat op daardie grond loop, besit nie, het die reg om op die vergadering te stem, en geen ander persoon het daardie reg nie.

(5) Enige persoon, wat 'n reg het om op die vergadering te stem, mag daardie reg persoonlik uitoefen.

(6) Nie meer as een stem mag deur of ten behoewe van enige persoon uitgebring word nie.

3. (1) Die Administrateur sal vir elke geproklameerde beesteverbeteringsgebied 'n Bul-inspeksieraad, hierna die Raad genoem, aanstel, om bulle, gebruik of gebruik te word in sodanige gebied vir die teel van beeste, te inspekteer en goed te keur en sodanige ander pligte te vervul as wat deur hierdie Ordonnansie opgelê word.

(2) Die Raad sal bestaan uit 'n beampte, soos later hierin omskrywe, en twee ander persone, of hulle onderskeie plaasvervangers, behoorlik aangestel ooreenkomstig subartikel (1) hiervan. Met dien verstande dat, nieteenstaande enigiets vervat in hierdie Ordonnansie, die Administrateur sodanige beampte mag aanstel as die enigste lid van die Raad vir sodanige gebied, watter beampte dan al die verskeie magte en pligte van sodanige Raad sal uitoefen.

(3) Die Administrateur mag meer as een Raad aanstel vir enige beesteverbeteringsgebied.

(4) By aanstelling van die lede van die Raad sal die Administrateur enige aanbeveling, in geval van 'n eerste aanstelling na die uitvaardiging van die proklamasie, van die persone wat stem op die vergadering, waarna verwys word in artikel *twee* en, in geval van verdere aanstellings, die aanbeveling gemaak deur die magistraat van die distrik na raadpleging van sulke persone en liggame as wat hy as verteenwoordigend van die beesboere van die distrik of gebied beskou, behoorlik in aanmerking neem.

(5) The members of the Board shall be appointed for periods fixed by the Administrator.

(6) Any member of the Board may resign by writing addressed to the magistrate of the district, and all members shall be subject to removal by the Administrator.

(7) Notwithstanding anything contained in this Ordinance, the Administrator may abolish the system of Boards, and in their place appoint one or more officers to carry out the functions now performed by the Boards, which officers shall thereupon exercise all the several powers and duties of such Board or Boards.

4. (1) The Board shall make an annual inspection of all bulls of the age of twelve months and over in the cattle improvement area concerned.

(2) It shall be the duty of every owner of such bulls to report in writing during the month of February in each year to the office of the Board concerned, the number of such bulls in his possession or under his control within such area which are liable to annual inspection in terms of this Ordinance.

(3) The date or dates on which such annual inspection shall be made shall be fixed by the Board and sufficient notice thereof shall be given to all owners of such bulls within the said area.

(4) Additional inspections may be made by the Board on special written application being made to it by the owner of any bull in the said area, provided that the applicant shall be responsible for the subsistence and travelling expenses involved, and shall deposit for this purpose the sum of £10 or a suitable bank guarantee for such sum with the Board, a proper adjustment of the account being made after the inspection has been concluded.

(5) At such annual or additional inspection the Board after careful examination shall either approve, provisionally approve or disapprove every bull liable to and submitted for inspection.

(6) The Board may recommend that the owner of any bull which is disapproved at such inspection should receive assistance from the Administration of the Territory by loan or otherwise, if satisfied that the said owner is not financially in a position to purchase another suitable bull. Such owner may then be assisted in terms of the Board's recommendation.

5. (1) There shall be a right of appeal from any decision of the Board, whereby any bull is disapproved, to a court nominated by the Administrator and consisting of the Chief Veterinary Officer to the Administration and two recognised cattle farmers, not being members of the said Board who are resident in the district in which the appellant is carrying on farming operations, on condition that such appeal is noted in writing to the said Chief Veterinary Officer within fourteen days after such decision is notified to the owner of the said bull, and that the appellant deposits (in respect of each and every bull concerned) the sum of £10 (ten pounds) or a suitable bank guarantee for such sum at the office of the Board concerned in order to cover the cost of any inspection that may have to be made by the Court of Appeal.

(2) The time and place of such inspection shall be decided by the Chief Veterinary Officer, and the appellant shall at his own expense convey such bull to the appointed place at the appointed time, provided that the Chief Veterinary Officer shall, as far as possible, meet the convenience of the appellant in his requirements.

(3) If such appeal is decided against the appellant a refund shall be made to the appellant of any balance available out of the aforesaid sum after deduction of all necessary expenses incurred by the Court of Appeal in deciding the appeal. If the appeal is upheld, the deposit shall be refunded to the appellant and the expenses incurred shall be a charge upon the Territory Revenue Fund.

(4) The Court of Appeal shall adjudicate on any appeal as soon as possible, but in any event not more than three months after such appeal is noted. If during such period it is found to be impossible to obtain the services of two suitable cattle farmers to serve as members of the Court of Appeal the Administrator may appoint the Chief Veterinary Officer as sole member of the Court of Appeal, and the said officer shall thereupon proceed to adjudicate accordingly.

6. From and after the date fixed by the Proclamation declaring any district or area a cattle improvement area, such date being not less than twelve months and not more than eighteen months later than the date on which that Proclamation takes effect, (except in regard to any portion of such district or area which has previously been declared a cattle improvement area, in which said portion the date originally fixed by Proclamation shall continue to be the determining date) it shall not be lawful:—

(5) Die lede van die Raad sal vir tydperke, deur die Administrateur vasgestel, aangestel word.

(6) Enige lid van die Raad kan skriftelik by die magistraat van die distrik bedank en al die lede sal onderhewig wees aan verwydering deur die Administrateur.

(7) Nieteenstaande enigiets bepaal in hierdie Ordonnansie, kan die Administrateur die stelsel van Rade afskaf en in die plek daarvan een of meer beamptes aanstel om die funksies, wat nou deur die Rade uitgeoefen word, uit te voer, en daarna sal sodanige beamptes al die verskeie magte en pligte van so 'n Raad of Rade uitoefen.

4. (1) Die Raad sal 'n jaarlikse inspeksie hou van alle bulle van die ouderdom van twaalf maande en ouer in die betrokke beesteverbeteringsgebied.

(2) Dit sal die plig van elke eienaar van sodanige bulle wees om gedurende Februariemaand van elke jaar skriftelik aan die kantoor van die betrokke Raad die getal van sodanige bulle in sy besit of onder sy beheer binne sodanige gebied, wat onderhewig is aan jaarlikse inspeksie in terme van hierdie Ordonnansie, te rapporteer.

(3) Die datum of datums, waarop die jaarlikse inspeksie sal plaasvind, sal deur die Raad vasgestel word en voldoende kennis daarvan moet aan alle eienaars van sodanige bulle binne die genoemde gebied gegee word.

(4) Addisionele inspeksies kan deur die Raad gedoen word op spesiale skriftelike aansoek van die eienaar van enige bul in die genoemde gebied, met dien verstande dat die applikant verantwoordelik sal wees vir die onderhouds- en reiskoste daaraan verbonde, vir welke doel hy die bedrag van £10 of 'n behoorlike bankgaransie vir sodanige bedrag, by die Raad moet deponeer. 'n Behoorlike afrekening sal gemaak word nadat die inspeksie afgehandel is.

(5) By so 'n jaarlikse of addisionele inspeksie moet die Raad na sorgvuldige ondersoek elke bul, onderhewig aan en voorgebring vir inspeksie, goedkeur, voorlopig goedkeur of afkeur.

(6) Die Raad mag aanbeveel dat die eienaar van enige bul wat afgekeur is by sodanige inspeksie, hulp by wyse van 'n lening of andersins, van die Administrasie van die Gebied moet ontvang, as dit tevrede is dat die genoemde eienaar finansieël nie in staat is om 'n ander geskikte bul te koop nie. So 'n eienaar mag dan gehelp word in terme van die Raad se aanbeveling.

5. (1) Daar sal 'n reg van appèl wees teen enige beslissing van die Raad, waardeur enige bul afgekeur is, na 'n hof genomineer deur die Administrateur en bestaande uit die Hootveearts van die Administrasie en twee erkende beesboere, wat nie lede van die Raad is nie en woonagtig is in die distrik waarin die appellant boer, op voorwaarde dat sodanige appèl skriftelik by die Hoofveearts aangeteken word binne veertien dae nadat sodanige beslissing aan die eienaar van die genoemde bul meegedeel is en dat die appellant die bedrag van £10 (tien pond), (ten opsigte van elke betrokke bul) of 'n behoorlike bankgaransie vir sodanige bedrag, by die kantoor van die betrokke Raad deponeer, om die koste van enige inspeksie, wat moontlik deur die Hof van Appèl gemaak moet word, te dek.

(2) Die tyd en plek van sodanige inspeksie sal deur die Hoofveearts bepaal word en die appellant moet op sy eie koste sodanige bul vervoer na die vasgestelde plek op die bepaalde tyd, met dien verstande dat die Hoofveearts in sy vereistes sover as moontlik, die gerief van die appellant in aanmerking moet neem.

(3) Indien die beslissing van sodanige appèl teen die appellant is, sal 'n terugbetaling van die beskikbare balans uit bogenoemde bedrag, na aftrekking van alle nodige onkoste aangegaan deur die Hof van Appèl om uitspraak te doen in verband met die appèl, aan die appellant terugbetaal word. Indien die appèl gehandhaaf word, sal die deposito aan die appellant terugbetaal word en sal die Gebied se Inkomstefonds belas word met die aangegane onkoste.

(4) Die Hof van Appèl moet so gou as moontlik uitspraak doen oor enige appèl, maar in elk geval nie later as drie maande nadat sodanige appèl aangeteken is nie. As dit gedurende sodanige tydperk onmoontlik blyk om die dienste van twee geskikte beesboere te bekom, om as lede van die Hof van Appèl te dien, kan die Administrateur die Hoofveearts aanstel as die enigste lid van die Hof van Appèl en genoemde beampte sal daarop voortgaan om uitspraak te doen.

6. Vanaf en na die datum bepaal by Proklamasie wat enige distrik of gebied tot 'n beesteverbeteringsgebied verklaar, welke datum nie minder as twaalf maande en nie meer as agtien maande vanaf die datum waarop die Proklamasie in werking tree, sal wees nie, (behalwe met betrekking tot enige gedeelte van sodanige distrik of gebied wat voorheen tot 'n beesteverbeteringsgebied verklaar is, in watter genoemde gedeelte die oorspronklike datum by Proklamasie bepaal, sal voortgaan om die bepalende datum te wees), sal dit nie wettig wees:—

